



**“Kersfees kom, Kersfees kom –
Gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
In hierdie land, o Heer.”**

Dit is vir my 'n plesier om aan almal 'n vreugdevolle gebeurtenis bekend te maak, wat elke jaar plaasvind in 'n klein en wel ... ongewoon vriendelike dorpie in die Wes-Kaap provinsie van Suid-Afrika. Al gaan ons gemeenskap gebuk onder moeilike omstandighede, doen ons hier by Huis Luigi ons bes om ongeluk om te keer in iets magies. As jy die wêreld nie kan verbeter nie, maak dan ten minste één persoon glimlag. Dus vra ons u met 'n vreugdevolle gees en 'n hoopvolle hart om ons te ondersteun sodat ons nog ñ jaar n glimlag op die gesiggies van ons townshipkinders kan sit. Sinterklaas kom immers maar net één keer per jaar ...

Wie ons is en wat ons doen

Huis Luigi het begin as 'n naskoolse program waar die townshipkinders van Bridgton, Oudtshoorn iets te ete kon kry, sowel as ondersteuning en hulp ontvang. Deur hierdie projek kon ons die behoeftes van die kinders en daardeur indirek die behoeftes van hul families en die gemeenskap identifiseer. Die projek het geweldig gegroei en tien jaar later vind ons onself steeds aan die gang. Huis Luigi is 'n pragtige en veilige hawe vir kinders wat in 'n harde wêreld lewe. Deur verskeie aktiwiteite en programme, probeer ons die kinders aan te moedig om al hul vermoëns en talente te benut, in die hoop dat hulle eendag gelukkige en stabiele volwassenes word wat in staat is om te gaan werk en wat die vele uitdagings van ons plaaslike gemeenskap, die hoof kan bied.

Huis Luigi word bestuur deur 'n klein groepie mense wat gedryf word deur passie en liefde. Met die hulp van vrywilligers ontvang die kinders, sagte en vriendelike ondersteuning met hul alledaagse aktiwiteite. Ons hoop dat ons n verskil kan maak in die lewens van hierdie onskuldige kinders wat ten spyte van die omstandighede waarin hul hulself bevind, tog nog die leiers kan word op die pad na 'n beter toekoms vir ons harde samelewing. Met die vrygewigheid van ons weldoenders was dit vir Huis Luigi moontlik om te groei en te floreer oor die jare. Huis Luigi is enig in sy soort hier in Oudtshoorn en die kinders is werklik gelukkig hier.



Ons vra u nederig om ons te ondersteun, sodat ons nog n Sinterklaasfees spesiaal kan maak vir die kinders van ons gebroke gemeenskap.

Iets om aan te dink...

"Elke keer wat jy vir iemand glimlag, is dit 'n daad van liefde, 'n geskenk aan die persoon, iets pragtigs. Vrede begin met 'n glimlag. ":)

Vir meer inligting verwys ons u graag na ons webwerf:

www.scrosoppi.org

Julle kan ook na ons "Youtube Video" van die Sinterklaasfees van 2015 kyk:

<https://youtu.be/00BdTu2zORM>

Enige iemand wat ons wil ondersteun, kan dit d.m.v die volgende rekening doen:

FNB

Rekeningnaam: ST LUIGI SCROSOPPI SORGSENTRUM

Rekeningnommer: 62048264121

Takkode: 210414

Swift Code: F I R N Z A J J

Hartlike Groete

Die Huis Luigi Span